TEGNIESE BESPROEIINGSKURSUS

……

Doel

Die kursus bestaan uit twee modules naamlik (1) Pompseleksie en tuinbesproeiingsontwerp (3 dae) en ’n meer gevorderde module vir die meer ervare persoon naamlik (2) Gevorderde pompseleksie en drup-mikro-besproeiing (3 dae).

Die doel van die eerste module is om die kursusgangers bekend te stel aan besproeiingsprodukte om sodoende basiese produkkennis uit te brei. Dit is baie prakties en kursusgangers spandeer ’n halwe dag in die werkswinkel om die werking van besproeiingsprodukte beter te verstaan. Die doel van die pompseleksie en tuinbesproeiingsontwerp afdeling is om die kursusganger te leer hoe om ‘n effektiewe en bekostigbare tuinbesproeiingsstelsels te ontwerp, waar die pompseleksie afdeling fokus om die kursusganger in staat te stel om die regte inligting te bekom en die regte pomp vir die aanwending aan te beveel. Pyplynontwerp en skakeltuig word breedvoerig behandel.

Die gevorderde pompseleksie en drup-mikro module is ’n nuwe module wat vir die tweede keer in 2011 aangebied word. Die doel van die gevorderde kursus is om pompseleksie en drup-mikro besproeiing breedvoerig te behandel om sodoende die kursusganger in staat te stel om met selfvertroue klante te konsulteer volgens behoefte.

Na afloop van elke module word kursusgangers geëvalueer en die slaagsyfer is 75%. Kursusgangers kan ongelukkig nie aangaan met die tweede module indien die eerste module nie suksesvol afgehandel is nie.

Module 1
Pomp- en tuinbesproeiing

Tydperk: Drie dae

Om die verkoopspersoon bekend te stel aan besproeiingsprodukte om sodoende basiese produkkennis uit te brei. Die doel van die pompseleksie en tuinbesproeiingsontwerp module is om die kursusganger te leer hoe om ‘n effektiewe en bekostigbare tuinbesproeiingsstelsels te ontwerp, waar die pompseleksie afdeling fokus om die kursusganger in staat te stel om die regte inligting te bekom en die regte pomp vir die aanwending aan te beveel.

Wie moet die kursus bywoon

Die kursusse word aangebied vir enige persoon wat met tegniese besproeiing werk op takvlak – tegniese adviseurs, vloerpersoneel, eerste vlak ontwerpers.

Inhoud

- Besproeiing produkopleiding
- Verskillende besproeiingseenhede
- Stappe vir die meet van druk en vloei
- Verskillende soorte spuite
- Orbit kontroleerders
- Uitleg van planne
- Belangrike aspekte ten opsigte van terrein planne
- Spuit seleksies en plasings
- Spuitlyn ontwerp
- Neerslagtempo
- Verskillende soorte pompe
- Drukpompe & sentrifigale pompe
- Dompelpompe

- Minimum vereistes vir pomp installasies
- Pompseleksie
- Begrip van pompkurwes
- Minimum vereistes vir pomp installasies
- Basiese pyplynontwerp

Module 2
Gevorderde pomp en drup-mikro besproeiing

Tydperk: Drie dae

Die doel van die gevorderde kursus is om pompseleksie en drup-mikro besproeiing breedvoerig te behandel om sodoende die klant in staat te stel om met selfvertroue klante te konsulteer volgens behoefte.

Wie moet die kursus bywoon

Die kursusse word aangebied vir tegniese adviseurs en eerste vlak ontwerpers.

Inhoud

- NPSH
- Gevorderde skakeltuig
- Suigpyp ontwerp
- Neerslagtempo
- Keuse van besproeiingstelsel per gewas
- Filters en hidroliese kleppe
- Watermeters
- Chemiese dosering

Koste

Koste per module beloop R950-00 per persoon (BTW uitgesluit) en sluit sudiemateriaal en middagetes in.

Sertifikaat

Na die suksesvolle voltooiing van die kursus, ontvang die student ’n bywoningsertifikaat vanaf die Agrinet Opleidingsakademie. Kursusgangers moet ’n minumum van 75% behaal om te slaag.